Date Printed: 01/06/2009

---

| | |
|---|---|
| JTS Box Number: | IFES_17 |
| Tab Number: | 41 |
| Document Title: | GOVERNMENT GAZETTE - STAATSKOERANT - VOL 400 NO 19388 GOVERNMENT NOTICE NO R.1340, |
| Document Date: | 1998 |
| Document Country: | SAF |
| Document Language: | ENG-AFR |
| IFES ID: | EL00478 |

*3BAFC5B1-493B-4264-A7CB-4245D3C548AD*

law|SAF|1998|017|eng-afr

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# Government Gazette
# Staatskoerant


Regulation Gazette No. 6327 Regulasiekoerant

Vol. 400 PRETORIA, 16 OCTOBER OKTOBER 1998 No. 19388


## GOVERNMENT NOTICE
## GOEWERMENTSKENNISGEWING

No. R. 1340 16 October 1998

### ELECTORAL COMMISSION

### REGULATIONS CONCERNING THE REGISTRATION OF VOTERS

The Electoral Commission has in terms of section 100 of the Electoral Act, 1998 (Act No.73 of 1998), made the regulations set out in the Schedule.


F Clifton White Resource Center
International Foundation for Election Systems

## SCHEDULE

**Definitions**

1. In these regulations any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act shall have that meaning and, unless the context otherwise indicates –

(i) **"identity number"**, in relation to a person, means the identity number assigned to a person whose particulars are included in the population register and which appears in the identity document of such person; (iv)

(ii) **"local electoral officer"** means a person appointed as such by the chief electoral officer; (vi)

(iii) **"name"**, in relation to a voters' roll, means the surname followed by the full forenames of a person; (v)

(iv) **"participating party"** means a party referred to in section 27 of the Act; (i)

(v) **"registration officer"** means a person appointed as such by the chief electoral officer; (vii)

(vi) **"signature"**, for the purposes of any application made in terms of these regulations, means the signature, thumbprint, fingerprint or palm-print of, or cross or mark made by the applicant; (iii)

(vii) **"the Act"** means the Electoral Act, 1998 (Act No. 73 of 1998). (ii)

**Application for registration as voter**

2. (1) A person who applies for registration as a voter must complete an application form similar to Appendix 1 and-

(a) the applicant must in person submit the completed application form, together with his or her identity document, to a registration officer at a place identified by the chief electoral officer within the voting district or in respect of the voting district where he or she is ordinarily resident; or

(b) a person who is by reason of a physical disability unable to travel to a place so identified may, by means of an application made on a form similar to Appendix 2, apply to the local electoral officer to be visited by a registration officer to whom he or she may then in person submit the application form for registration as a voter and his or her identity document; or

(c) a person who is absent from the Republic in the service of the Government of the Republic or who is a member of such person's household may in person submit the application form and identity document to a registration officer, appointed for that purpose, at the place where such service is rendered.

(2) Every registered political party is entitled to be represented by an agent, duly authorised thereto in writing by the party concerned on a form similar to Appendix 3 at any place referred to in subregulation (1)(a), for the purpose of observing the registration process of voters.

(3) In every case where a registration officer refuses to accept an application for registration as a voter, such registration officer must immediately complete and hand to the applicant a notification of refusal in a form similar to Appendix 4.

## Application to have change of name or ordinary residence recorded

3. A registered voter or a person who has applied for registration as a voter and whose name or ordinary place of residence has changed, and who must apply to have that change recorded in the voters' roll or application form, must do so by completing an application form similar to Appendix 5 and –

(a) submitting it, together with his or her identity document, in person to a registration officer at a place identified by the chief electoral officer within the voting district or in respect of the voting district where he or she is ordinarily resident; or

(b) submitting it, together with his or her identity document, in person to an official at an office of a local electoral officer; or

(c) if he or she is, because of a physical disability, unable to travel to such an office, causing the application form to be submitted to an official at the office of a local electoral officer by someone else who must, when doing so, submit his or her own identity document to the official.

## Application for deregistration as voter

4. A registered voter who wishes to apply for deregistration as a voter, must do so by completing a form similar to Appendix 6 and –

(a) submitting it, together with his or her identity document, in person to an official at an office of a local electoral officer; or

(b) if he or she is, because of a physical disability, unable to travel to such an office, causing the application form to be submitted to an official at the office of a local electoral officer by someone else who must, when doing so, submit his or her own identity document to the official.

**Notification by chief electoral officer**

5. Whenever the chief electoral officer is in terms of section 12 of the Act required to notify a person of an event referred to in that section, he or she must do so by –

(a) posting the notification to the last postal address available for that person; or

(b) cause the notification to be delivered by hand to that person's last known residential address; or

(c) cause the notification to be published in a newspaper circulating in the area of that person's last known ordinary residence; or

(d) cause the notification to be displayed on public notice boards at the offices of the provincial electoral officer and the local electoral officer for the area in which that person had his or her last known ordinary residence.

**Appeal to Commission against decisions and steps of chief electoral officer**

6. (1) A person wishing to appeal against a decision or step taken by the chief electoral officer in terms of sections 8, 9 or 11 of the Act, must do so by serving on the Commission at its offices in Pretoria a notice of appeal containing the following information:

(a) the name, address and identity number of the appellant;

(b) details of the decision or step against which the appeal is brought;

(c) the full reasons for appealing against the decision or step; and

(d) particulars of any documentation submitted together with the notice of appeal.

(2) The Commission may require –

(a) the appellant to submit further information regarding the appeal; and

(b) the chief electoral officer to furnish reasons for his or her decision or step taken or to supply any further documentation regarding the appeal.

(3) The Commission may –

(a) decide the appeal on the documents submitted to it; or

(b) require the appellant, the chief electoral officer or any other person to appear before the Commission, either in person or through a representative, at a time and place determined by the Commission, to give evidence.

(4) The Commission may confirm, vary or set aside the decision or step appealed against.

Objections to voters' roll

7. A person wishing to object to the Commission in relation to the voters' roll or provisional voters' roll in terms of section 15 of the Act, must do so by serving on the Commission at its offices in Pretoria a notice of objection containing the following information:

(a) the objector's full names, identity number, postal address and home or office address;

(b) full details of the exclusion, inclusion or correctness of details the objection relates to;

(c) the reasons for making the objection; and

(d) details of supporting documentation accompanying the notice of objection.

Fee for certified copy of or extract from voters' roll

8. The fee to be paid in terms of section 16 of the Act for a certified copy of, or extract from, a segment of the voters' roll, is One Rand (R1) per page: Provided that in the case of a participating

political party, the first certified copy of the voters' roll to be used for a particular election or for elections to be held simultaneously, will be provided to such party at no cost.

Fee for certified copy of map of voting district

9. The fee to be paid in terms of section 63 of the Act for a certified copy of a map of a voting district is Fifty Rand (R50): Provided that a political party that is represented on the National or a Provincial Party Liaison Committee established in terms of section 5(1)(g) of the Electoral Commission Act, 1996 (Act No. 51 of 1996), will be entitled to one certified copy of a map of each voting district at no cost.

Particulars to be entered in the voters' roll

10. The particulars to be entered in the voters' roll when registering a person as a voter, are the consecutive number, the identity number and the name of the voter.

Registration in voting district

11. When registering a person in terms of section 8(1) of the Act or when recording a change of ordinary place of residence in terms of section 9(3) of the Act, or when changing the registration details in terms of section 11(1) of the Act, the chief electoral officer must ensure that the voter concerned is registered in the voting district in which he or she is ordinarily resident at that time.

Short title

12. These regulations are called the Voter Registration Regulations, 1998.

**APPENDIX 1**

REC 1

# ELECTORAL COMMISSION

## APPLICATION FOR REGISTRATION AS A VOTER

(Regulation 2(1))

I hereby apply to be registered as a voter:

ID Number

Country of Birth

Date of Birth — day / month / year 1 9 — DB

Surname

Names

Physical Address (place of ordinary residence)

Postal Code — PO

Postal Address (if different from the above)

Postal Code — PA

I confirm that the information contained herein is correct.

Signature, Mark or Left Thumb Print

ENGLISH

## OFFICIAL USE ONLY

Certificate for voter registration

Enumerator Area

*For use with fingerprint only*

Which finger's print was taken

Signiture of official

*Paste barcode or hand written receipt here*

Voting District

Date application submitted — day / month / year 1 9

APPENDIX 2

REC 2

# ELECTORAL COMMISSION

## REQUEST TO BE VISITED BY REGISTRATION OFFICER

(Regulation 2(1)(b))

ID Number ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Surname ____________________

Names ____________________

____________________

____________________

Physical Address (where application for registration as voter is to be conducted.) ____________________

____________________

____________________

____________________

Postal Code ☐☐☐☐

Postal Address (if different from the above) ____________________

____________________

____________________

____________________

Postal Code ☐☐☐☐

Prefered Date and Time for Visit ☐☐ (day) ☐☐ (month) 1 9 ☐☐ (year) ☐☐ (hour) ☐☐ (minutes)

Telephone Number ☐☐☐☐☐☐ (Dialling Code) ☐☐☐☐☐☐☐ (Number)

Reason for Request ☐ Disable ☐ Infirm ☐ Pregnant ☐ Aged ☐ Other

If 'other' was marked in the previous question, provide details ____________________

Signature or Mark ☐

## OFFICIAL USE ONLY

Granted ☐

Voting District ☐☐☐☐☐☐☐☐

Refused ☐

Registration Officer allocated to ☐

APPENDIX 3

REC 3

# ELECTORAL COMMISSION

AUTHORISATION OF POLITICAL PARTY AGENT TO OBSERVE
REGISTRATION PROCESS OF VOTERS
(Regulation 2(2))

I,.............................................................................., the undersigned, in my capacity as ..............................................................

.................................on behalf of and duly authorised by the .................................................................................................Party

hereby authorise the following person to observe the registration process of voters as a representative of abovementioned party:

ID Number ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Surname ______________________________

Name ______________________________

______________________________

______________________________

For the Voting District(s) of: ______________________________

Date ☐☐ (day) ☐☐ (month) 1 9 ☐☐ (year)

Signature of Party Official ☐

APPENDIX 4

REC 4

# ELECTORAL COMMISSION

NOTIFICATION OF REFUSAL

(Regulation 2(3))

Voting District Number ☐☐☐☐☐☐☐☐

ID Number of Applicant ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Surname ______________________________

Names ______________________________

______________________________

______________________________

Type of Application ☐ Registration ☐ Change of Registration Details ☐ Deregistration

Reason for Refusal

☐ Invalid Identity Document

☐ Wrong Voting District

☐ Photo in Identity Document does not resemble Applicant

☐ Not a South African Citizen

☐ Other: ______________________________

Signature of Registration Officer: ☐

APPENDIX 5

REC 5

# ELECTORAL COMMISSION

APPLICATION TO HAVE CHANGE OF NAME OR PLACE OF ORDINARY RESIDENCE RECORDED

(Regulation 3)

ID Number

Date of Birth 1 9

day month year

*My name / ordinary residence (delete whichever not applicable) has changed to the following and I hereby apply to have the change recorded:*

Surname

Names

Physical Address (place of ordinary residence)

Postal Code

Postal Address (if different from the above)

Postal Code

Date on which new details became effective 1 9

day month year

I confirm that the information contained herein is correct.

Signature, Mark or Left Thumb Print

OFFICIAL USE ONLY

*For use with fingerprint only*

Which finger's print was taken?

*Paste barcode or handwritten receipt here*

Voting District

Certificate for Voter R+B21egistration

Signature of Official

Date application submitted 1 9

day month year

Enumerator Area

APPENDIX 6

REC 6

# ELECTORAL COMMISSION

APPLICATION FOR DEREGISTRATION AS A VOTER

(Regulation 4)

I hereby apply to be deregistered as a voter and have my name removed from the voters' roll:

ID Number

Surname

Names

Postal Address

Postal Code

Date __ __ day __ __ month 1 9 __ __ year

I confirm that the information contained herein is correct.

Signature, Mark or Left Thumb Print
(made in the presence of the registration officer)

OFFICIAL USE ONLY

*For use with fingerprint only*

Which finger's print was taken?

Signature of Official

Voting District

Date processed __ __ day __ __ month 1 9 __ __ year

Signature of Registration Officer when processed

No. R. 1340 16 Oktober 1998

# VERKIESINGSKOMMISSIE

## REGULASIES OP DIE REGISTRASIE VAN KIESERS

Die Verkiesingskommissie het ingevolge artikel 100 van die Kieswet, 1998 (Wet No. 73 van 1998), die regulasies in die Bylae uiteengesit, uitgevaardig.

## BYLAE

### Woordomskrywings

1. 'n Woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg word, het daardie betekenis, en tensy uit die samehang anders blyk, beteken-

(i) **"deelnemende party"** 'n party in artikel 27 van die Wet na verwys; (iv)

(ii) **"die Wet"** die Kieswet, 1998 (Wet No. 73 van 1998); (vii)

(iii) **"handtekening"** vir die doeleindes van enige aansoek ingevolge hierdie regulasies gedoen, die handtekening, duimafdruk, vingerafdruk of palmafdruk van, of kruis of merk deur die aansoeker gemaak; (vi)

(iv) **"identiteitsnommer"** met betrekking tot 'n persoon, die identiteitsnommer wat toegeken is aan 'n persoon wie se besonderhede in die bevolkingsregister ingesluit is en wat in die identiteitsdokument van sodanige persoon verskyn; (i)

(v) **"naam"** met betrekking tot 'n kieserslys, die van gevolg deur die volle voorname van 'n persoon; (iii)

(vi) **"plaaslike verkiesingsbeampte"** 'n persoon as sodanig deur die hoofverkiesingsbeampte aangestel; (ii)

(vii) **"registrasiebeampte"** 'n persoon as sodanig deur die hoofverkiesingsbeampte aangestel. (v)

Aansoek om registrasie as kieser

2. (1) 'n Persoon wat aansoek doen om registrasie as 'n kieser moet 'n aansoekvorm soortgelyk aan Aanhangsel 1 voltooi en-

(a) die aansoeker moet in persoon die voltooide aansoekvorm saam met sy of haar identiteitsdokument aan 'n registrasiebeampte voorlê op 'n plek geïdentifiseer deur die hoofverkiesingsbeampte binne die stemdistrik of met betrekking tot die stemdistrik waar hy of sy gewoonlik woonagtig is; of

(b) 'n persoon wat weens 'n liggaamlike ongeskiktheid nie in staat is om na 'n plek wat aldus geïdentifiseer is te gaan nie, kan by wyse van 'n aansoek op 'n vorm soortgelyk aan Aanhangsel 2, by die plaaslike verkiesingsbeampte aansoek doen om deur 'n registrasiebeampte besoek te word aan wie hy of sy dan self die aansoekvorm om registrasie as 'n kieser en sy of haar identiteitsdokument kan voorlê; of

(c) 'n persoon wat in Regeringsdiens van die Republiek afwesig is of wat 'n lid is van die huishouding van sodanige persoon, kan in persoon die aansoekvorm en identiteitsdokument aan 'n registrasiebeampte wat vir die doel aangestel is, by die plek waar sodanige diens gelewer word, voorlê.

(2) Elke geregistreerde politieke party is geregtig om deur 'n agent, behoorlik skriftelik daartoe deur die betrokke party gemagtig op 'n vorm soortgelyk aan Aanhangsel 3, verteenwoordig te word by enige plek in subregulasie (1)(a) bedoel, met die doel om die kieserregistrasieproses waar te neem.

(3) In elke geval waar 'n registrasiebeampte weier om 'n aansoek om registrasie as 'n kieser te aanvaar, moet sodanige registrasiebeampte onmiddelik 'n kennisgewing van weiering op 'n vorm soortgelyk aan Aanhangsel 4 voltooi en aan die aansoeker oorhandig.

Aansoek om verandering van naam of gewone verblyfplek aan te teken

3. 'n Geregistreerde kieser of 'n persoon wat aansoek om registrasie as 'n kieser gedoen het en wie se naam of gewone verblyfplek verander het, en wat aansoek moet doen om daardie verandering in die kieserslys of aansoekvorm te laat aanteken, moet dit doen deur 'n aansoekvorm soortgelyk aan Aanhangsel 5 te voltooi, en -

(a) dit in persoon tesame met sy of haar identiteitsdokument aan 'n registrasiebeampte oorhandig, by 'n plek deur die hoofverkiesingsbeampte binne die stemdistrik of met betrekking tot die stemdistrik waar hy of sy gewoonlik woonagtig is, geïdentifiseer; of

(b) dit saam met sy of haar identiteitsdokument in persoon aan 'n beampte by 'n kantoor van 'n plaaslike verkiesingsbeampte te oorhandig; of

(c) indien hy of sy weens 'n liggaamlike ongeskiktheid nie in staat is om na sodanige kantoor te gaan nie, die aansoekvorm deur iemand anders aan 'n beampte by die kantoor van 'n plaaslike verkiesingsbeampte te laat voorlê, wat wanneer dit gedoen word, sy of haar eie identiteitsdokument aan die beampte moet voorlê.

Aansoek om skrapping van registrasie as kieser

4. 'n Geregistreerde kieser wat aansoek om skrapping van registrasie as 'n kieser wil doen, moet dit doen deur 'n aansoekvorm soortgelyk aan Aanhangsel 6 te voltooi en -

(a) dit saam met sy of haar identiteitsdokument persoonlik aan 'n beampte by 'n kantoor van 'n plaaslike verkiesingsbeampte te oorhandig; of

(b) indien hy of sy weens 'n liggaamlike ongeskiktheid nie in staat is om na sodanige kantoor te gaan nie, die aansoekvorm deur iemand anders aan 'n beampte by die kantoor van 'n plaaslike verkiesingsbeampte te laat voorlê, wat wanneer dit gedoen word, sy of haar eie identiteitsdokument aan die beampte moet voorlê.

Kennisgewing deur hoofverkiesingsbeampte

5. Wanneer dit ookal ingevolge artikel 12 van die Wet van die hoofverkiesingsbeampte vereis word om 'n persoon van 'n gebeurtenis in daardie artikel bedoel in kennis te stel, moet hy of sy dit doen deur -

(a) die kennisgewing na die laaste beskikbare posadres van daardie persoon te pos; of

(b) die kennisgewing per hand by daardie persoon se laaste bekende woonadres te laat aflewer; of

(c) die kennisgewing in 'n nuusblad wat in die gebied van daardie persoon se laaste bekende gewone verblyfplek versprei word te laat publiseer; of

(d) die kennisgewing op openbare kennisgewingborde by die kantore van die provinsiale verkiesingsbeampte en die plaaslike verkiesingsbeampte vir die gebied waarin daardie persoon sy of haar laaste bekende gewone verblyfplek gehad het, te laat aanbring.

Appèl na Kommissie teen beslissings en stappe van hoofverkiesingsbeampte

6. (1) 'n Persoon wat teen 'n beslissing of stap deur die hoofverkiesingsbeampte ingevolge artikels 8, 9 of 11 van die Wet geneem, wil appelleer, moet dit doen deur 'n kennisgewing van appèl wat die volgende inligting bevat aan die Kommissie by sy kantore in Pretoria, te beteken:

(a) die naam, adres en identiteitsnommer van die appellant;

(b) besonderhede van die beslissing of stap waarteen geappelleer word;

(c) die volledige redes vir die appèl teen die beslissing of stap; en

(d) besonderhede van enige dokumentasie wat saam met die kennisgewing van appèl ingedien word.

(2) Die Kommissie kan vereis dat–

(a) die appellant verdere inligting in verband met die appèl voorlê; en

(b) die hoofverkiesingsbeampte redes verskaf vir die beslissing of stap wat geneem is of om enige verdere dokumentasie in verband met die appèl voor te lê.

(3) Die Kommissie kan-

(a) die appèl beslis op die dokumente aan hom voorgelê; of

(b) vereis dat die appellant, die hoofverkiesingsbeampte of enige ander persoon, persoonlik of deur 'n verteenwoordiger, op 'n tyd en plek deur die Kommissie bepaal, voor die Kommissie verskyn om getuienis af te lê.

(4) Die Kommissie kan die beslissing of stap waarteen geappelleer word bevestig, wysig of ter syde stel.

Besware teen kiesersiys

7. 'n Persoon wat ingevolge artikel 15 van die Wet by die Kommissie beswaar wil aanteken in verband met die kiesersiys of voorlopige kiesersiys moet dit doen deur 'n kennisgewing van beswaar wat die volgende inligting bevat aan die Kommissie by sy kantore in Pretoria, te beteken:

(a) die volle name, identiteitsnommer, posadres en woonadres of werksadres van die beswaarmaker;

(b) volle besonderhede van die uitsluiting, insluiting of korrektheid van besonderhede waarop die beswaar betrekking het;

(c) die redes waarom beswaar gemaak word; en

(d) besonderhede van ondersteunende dokumentasie wat die kennisgewing van beswaar vergesel.

Fooi vir gesertifiseerde afskrif van of uittreksel uit kieserslys

8. Die bedrag wat kragtens artikel 16 van die Wet vir 'n gesertifiseerde afskrif van, of uitreksel uit 'n segment van die kieserslys betaal moet word, is Een Rand (R1) per bladsy: Met dien verstande dat in die geval van 'n deelnemende politieke party, die eerste gesertifiseerde afskrif van die kieserslys wat gebruik word vir 'n spesifieke verkiesing of vir verkiesings wat gelyktydig gehou word, aan sodanige party kosteloos voorsien word.

Fooi vir gesertifiseerde afskrif van kaart van stemdistrik

9. Die bedrag wat kragtens artikel 63 van die Wet vir 'n gesertifiseerde afskrif van 'n kaart van 'n stemdistrik betaal moet word, is Vyftig Rand (R50): Met dien verstande dat 'n politieke party wat verteenwoordig is op die Nasionale of Provinsiale Politieke Skakelkomitee ingevolge artikel 5(1)(g) van die Wet op die Verkiesingskommissie, 1996 (Wet No. 51 van 1996), ingestel, geregtig is op een kostelose gesertifiseerde afskrif van 'n kaart van elke stemdistrik.

Besonderhede wat in kieserslys aangeteken word

10. Die besonderhede wat in die kieserslys aangeteken moet word wanneer 'n persoon as kieser geregistreer word, is die volgnommer, die identiteitsnommer en die naam van die kieser.

Registrasie in stemdistrik

11. Die hoofverkiesingsbeampte moet, wanneer 'n persoon ingevolge artikel 8(1) van die Wet geregistreer word, of wanneer 'n verandering van gewone verblyfplek ingevolge artikel 9(3) van die Wet aangeteken word, of wanneer die registrasiebesonderhede ingevolge artikel 11(1) van die Wet verander word, seker maak dat die betrokke kieser in daardie stemdistrik waar hy of sy op daardie tydstip gewoonlik woonagtig is, geregistreer word.

Kort Titel

12. Hierdie regulasies heet die Regulasies op die Registrasie van Kiesers, 1998.

AANHANGSEL 1

REC 1

# VERKIESINGSKOMMISSIE

AANSOEK VIR REGISTRASIE AS 'N KIESER

(Regulasie 2(1))

Ek doen hiermee aansoek om as 'n kieser geregistreer te word:

ID Nommer

Land van geboorte

Datum van Geboorte ☐☐ dag ☐☐ maand 1 9 ☐☐ jaar DB

Van

Name

Fisiese Adres (gewone verblyfplek)

Poskode PO

Posadres (indien verskil van bovermelde)

Poskode PA

Ek bevestig dat die inligting hierin vervat korrek is.

Handtekening, Merk of Linker Duimafdruk

AFRIKAANS

## SLEGS KANTOORGEBRUIK

Sertifikaat vir Kieserregistrasie

Telgebied

*Slegs vir gebruik met vingerafdruk*

Watter vinger se afdruk is geneem

Handtekening van beampte

*Plak staafkode of handgeskrewe kwitansie hier*

Stemdistrik

Datum Aansoek Ingedien ☐☐ dag ☐☐ maand 1 9 ☐☐ jaar

**AANHANGSEL 2**

REC 2

# VERKIESINGSKOMMISSIE

VERSOEK OM DEUR 'N REGISTRASIEBEAMPTE BESOEK TE WORD

(Regulasie 2(1)(b))

ID Nommer ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Van ______________________

Name ______________________

______________________

______________________

Fisiese Adres (waar aansoek vir registrasie as kieser afgehandel moet word) ______________________

______________________

______________________

______________________

Poskode ☐☐☐☐

Posadres (indien verskil van bovermelde) ______________________

______________________

______________________

______________________

Poskode ☐☐☐☐

Voorkeur Datum en Tyd vir Besoek ☐☐ dag ☐☐ maand 1 9 ☐☐ jaar ☐☐ uur ☐☐ minute

Telefoonnommer ☐☐☐☐☐ Skakelkode ☐☐☐☐☐☐☐☐ Nommer

Rede vir Versoek ☐ Gestrem ☐ Ongesteld ☐ Verwagtend ☐ Bejaard ☐ Ander

Indien 'ander' in die voorgaande vraag gemerk is, voorsien besonderhede ______________________

Handtekening of Merk ☐

SLEGS KANTOORGEBRUIK

Toegestaan ☐

Stemdistrik ☐☐☐☐☐☐☐☐

Geweier ☐

Registrasiebeampte aangewys ☐

**AANHANGSEL 3**

REC 3

# VERKIESINGSKOMMISSIE

MAGTIGING VAN POLITIEKE PARTY AGENT OM REGISTRASIEPROSES VAN KIESERS WAAR TE NEEM

(Regulasie 2 (2))

Ek,............................................................................................ die ondergetekende, in my hoedanigheid as.......................................
.......................................ten behoewe van en behoorlik daartoe gemagtig deur die ........................................................................Party magtig hiermee die volgende persoon om die registrasieproses van kiesers as verteenwoordiger van bogenoemde party waar te neem:

ID Nommer ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Van ____________________

Name ____________________

____________________

____________________

Vir die Stemdistrik(te) van: ____________________

Datum ☐☐ ☐☐ 19☐☐
dag maand jaar

Handtekening van Partybeampte ☐

**AANHANGSEL 4**

REC 4

# VERKIESINGSKOMMISSIE

## KENNISGEWING VAN WEIERING

(Regulasie 2(3))

Stemdistriknommer ☐☐☐☐☐☐☐☐

ID Nommer van Aansoeker ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Van ____________________

Name ____________________

Tipe Aansoek

☐ Registrasie

☐ Verandering van Registrasiebesonderhede

☐ Skrapping van Registrasie

Rede vir Weiering

☐ Ongeldige Identiteitsdokument

☐ Verkeerde Stemdistrik

☐ Foto in Identiteitsdokument lyk nie na Aansoeker nie

☐ Nie 'n Suid-Afrikaanse Burger

☐ Ander: ____________________

Handtekening van Registrasiebeampte ☐

AANHANGSEL 5

REC 5

# VERKIESINGSKOMMISSIE

AANSOEK OM VERANDERING VAN NAAM OF GEWONE VERBLYFPLEK AAN TE TEKEN

(Regulasie 3)

ID Nommer

Datum van Geboorte — dag / maand / jaar 19

*My naam / gewone verblyfplek (skrap welke een nie van toepassing) het soos volg verander en ek doen hiermee aansoek om die verandering aan te teken:*

Van

Name

Fisiese Adres (gewone verblyfplek)

Poskode

Posadres (Indien verskil van bovermelde)

Poskode

Datum waarop nuwe besonderhede van krag is — dag / maand / jaar 19

Ek bevestig dat die inligting hierin vervat korrek is.

Handtekening, Merk of Linker Duimafdruk

## SLEGS KANTOORGEBRUIK

*Slegs vir gebruik met vingerafdruk*

Watter vinger se afdruk is geneem

Handtekening van Beampte

*Plak staafkode of handgeskrewe kwitansie hier*

Stemdistrik

Datum Aansoek Ingedien — dag / maand / jaar 19

Sertifikaat vir Kieserregistrasie

Telgebied

AANHANGSEL 6

REC 6

# VERKIESINGSKOMMISSIE

## AANSOEK OM SKRAPPING VAN REGISTRASIE AS KIESER

(Regulasie 4)

Ek doen hiermee aansoek om skrapping van registrasie as kieser en om my naam van die kieserslys te laat verwyder:

ID Nommer

Van

Name

Posadres

Poskode

Datum 19
dag maand jaar

Ek bevestig dat die inligting hierin vervat korrek is.

Handtekening, Merk of Linker Duimafdruk (gemaak in die teenwoordigheid van die registrasiebeampte)

SLEGS KANTOORGEBRUIK

Slegs vir gebruik met vingerafdruk

Watter vinger se afdruk is geneem


Handtekening van Beampte

Stemdistrik

Datum geprosesseer 19
dag maand jaar


Handtekening van Registrasiebeampte wanneer geprosesseer

*Where is the largest amount of meteorological information in the whole of South Africa available?*




LIBRARY


BIBLIOTEEK




*Waar is die meeste weerkundige inligting in die hele Suid-Afrika beskikbaar?*

*Department of Environmental Affairs and Tourism*
Departement van Omgewingsake en Toerisme


Wetlands are wonderlands!
Department of Environmental Affairs and Tourism


SA WEATHER BUREAU SA WEERBURO
WEERBURO
WEATHER BUREAU
75
WEATHER · SERVICES · WEERDIENSTE
DEPT. OF ENVIRONMENTAL AFFAIRS AND TOURISM · DEPT. VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME


KEEP YOUR SHIP GOING.
PHONE THE WEATHER
BUREAU FOR THE MOST
ACCURATE FORECASTING
WEATHER BUREAU
WEERBURO
PRESSURE-PLATE
ANEMOMETER
ANEMOMETER
THE WEATHER BUREAU: DEPARTMENT OF ENVIRONMENTAL AFFAIRS AND TOURISM


THE WEATHER BUREAU HELPS FARMERS TO PLAN THEIR CROP
WEATHER BUREAU
WEERBURO
PEANUT BUTTER
HONEY
COTTON
MAIZE
WIND TOTATISATOR
SUNSHINE RECORDER
RAIN GAUGE
THE WEATHER BUREAU: DEPARTMENT OF ENVIRONMENTAL AFFAIRS & TOURISM
DIE WEERBURO: DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME

## CONTENTS

| No. | | Page No. | Gazette No. |
|---|---|---|---|
| | **GOVERNMENT NOTICE** | | |
| | **Electoral Commission** | | |
| | *Government Notice* | | |
| R. 1340 | Electoral Act (73/1998): Regulations concerning the registration of voters....... | 1 | 19388 |

## INHOUD

| No. | | Bladsy No. | Koerant No. |
|---|---|---|---|
| | **GOEWERMENTSKENNISGEWING** | | |
| | **Verkiesingskommissie** | | |
| | *Goewermentskennisgewing* | | |
| R. 1340 | Kieswet (73/1998): Regulasies op die registrasie van kiesers ............................ | 14 | 19388 |

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Tel: (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515
Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001
Tel: (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515